## Nederduits Gereformeerde Kerk Bredasdorp

### 17 September 1838

Die NG Gemeente Bredasdorp is die 23ste bestaande gemeente van die NG Kerk. Kuslangs tussen Kaapstad en George is dit die 3de oudste gemeente, naas Swellendam(1798), Caledon (1811), en dan ook net 'n maand of wat ouer as Riversdal, wat in April 1839 gestig is.

Die eerste stap in die rigting van 'n eie gemeente in hierdie geweste is op Sondag 8 September 1833 by geleentheid van 'n buitediens op die plaas Langefontein aan die Karsrivier gedoen. Nie lank ná die diens nie, is opdrag gegee om die plaas Langefontein aan te koop. Die man wat hom veral beywer het om hier 'n selfstandige gemeente gestig te kry, was Michiel van Breda, na wie die dorp Bredasdorp op 10 September 1838 vernoem is. Hy was lid van die Wetgewende Vergadering en deur sy bemiddeling is 'n som geld uit die Landskas vir 'n kerk op Bredasdorp gestem.

Ná beraad deur die Ring en Owerheid is besluit om op Bredasdorp 'n gemeente in die lewe te roep. Op 22 Maart 1839 kondig die Goewerneur aan dat so iets 'n voldonge feit is en dat Ds. JJ Brink as die eerste herder en leraar aangestel is. Ds. Johannes Jacobus Brink het in die gemeente Bredasdorp ge-arbei van Mei 1839 tot sy dood op 10 Junie 1861.

Reeds in Augustus 1839 het die kerkraad besluit om 'n kerkgebou op te rig. Dit is op 13 Maart 1841 plegtig ingewy en het in sy oorspronklike vorm diens gedoen tot 1856, toe dit met die aanbou van twee vlerke vergroot is.

Dan ook het Ds. Charl Marais vir Ds. Brink in 1862 opgevolg. Gedurende sy ampsbediening het onaangenaamhede in verband met sendingwerk onder die bruin bevolking plaasgevind, wat uitgeloop het op die stigting van 'n sogenaamde Independente Kerk op Bredasdorp onder leiding van eerwaarde JR Keet. In 1863 het die inwyding van hierdie kerk plaasgevind. Sy bestaan was egter maar van korte duur, want reeds in 1875 dit ophou bestaan.

Die twee laaste leraars van die 19de eeu was Ds. B Duminy (1891–'97) en Ds. JA Koch (tot 1903). Proponent Koch is in September 1897 beroepbaar gestel. Uit 'n aantal beroepe het hy dié na Bredasdorp aangeneem en alvorens hy

daar bevestig is, het hy met Mej. Cornella Dorothea Bosman, van Middelburg, Transvaal, in die huwelik getree. Proponent Koch is op 15 April 1898 georden en bevestig. Ds. AB Cilliers was destyds konsulent van Bredasdorp, en benewens hom het die volgende predikante aan die handoplegging deelgeneem: JGJ Krige, DS Botha en G van der Merwe. Die bevestigde se intreerede was na aanleiding van Handelinge 10:29b.

Ds. Koch het sy werk met ywer en toewyding voortgesit. Hy was ’n liefhebber van spesiale dienste. So kom daar in De Kerkbode etlike berigte voor wat van die groot seën by sulke dienste ontvang, getuig. Eerwaarde R Blake skryf in die kerkblad dat daar op die dienste in Oktober 1898 deur die studente Le Clus en Van Rensburg ’n kenlike seën gerus het. Die belangstelling by die gewone Sondagdienste het algaande so toegeneem dat die Kerkraad in 1899 twee groot galerye met 200 sitplekke in die kerk aangebring het. Om aan te toon dat daar baie werk in die gemeente was, het Ds. Koch in Maart 1898 oor die 50 groot en ou mense wat nie kon lees of skryf nie, aangeneem.

Die Pinkstertye van 1901 en 1902 was andermaal tye van groot verkwikking op geestelike gebied. In 1903 het Ds HP van der Merwe en die evangelis Eksteen spesiale dienste in die gemeente gehou. Ds. Koch het baie nadruk gelê op die noodsaaklikheid van gebed en voorbidding in en deur die gemeente. Onder sy nagelate dokumente is aantekeninge van sy toespraak oor “Bethel” by die inwyding van ’n biduursaal op 23 Februarie 1901.

Ds. Koch het in 1903 die beroep na Loxton aangeneem en Bredasdorp ná net sowat vyf jaar verlaat. Dr. Andries Dreyer skryf in die gemeente Bredasdorp se eeufeesgedenkboek van 1938: “Was dit nie dat sy gesondheidstoestand naby die see so onbevredigend was nie, dan sou hy seker langer op Bredasdorp gebly het.” Onder blyke van groot belangstelling het hy afskeid van sy eerste gemeente geneem.

Met die koms van Ds. DJ Viljoen het Bredasdorp ’n nuwe en belangrike fase van sy bestaan begin. Hierdie leraar het op 26 Februarie 1904 die arbeid opgeneem en ’n volle 30 jaar getrou en ywerig in die gemeente gewerk. Sy bediening is gekenmerk deur vooruitgang en groei op alle gebiede. Onder sy leiding is die ou kerkgebou gesloop en die nuwe opgerig en in 1911 ingewy.